# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Steek 'n vuur aan, indien moontlik. Aan die einde van die ontmoeting sal die kole net reg wees om 'n braaibroodjie te braai.

*Alternatief:* Maak 'n toebroodjie saam.

Gesels saam:

- Wonder jy soms of jy werklik honger is en of daar nie dalk iets anders agter jou honger skuil nie?

Kenners meen dat daar by mense verskillende soorte honger is wat in vier hoofgroepe verdeel kan word:

- Fisieke honger
- Mond/smaak-honger
- Emosionele/hart-honger
- Praktiese honger

Gesels saam:

- Wat verstaan julle onder elk van hierdie soorte honger?
- Wanneer, dink julle, sal 'n mens watter soort honger kry?

*Opsioneel:* Google gerus "different types of hunger" vir meer agtergrondinligting.

Hierdie gedagtes moet ons ook laat nadink oor met watter "honger" ons na God toe kom. Om na God te honger, dors of smag is taal wat gelowiges gereeld gebruik. Dit is nie 'n nuwe konsep nie.

## WONDER

Lees Johannes 6:1-15, 35 saam.

Gesels saam:

- Aan die begin van die verhaal lees ons dat die skare gekom het om die tekens te sien wat Jesus doen. Dink julle dit was 'n goeie of 'n slegte ding?
- Hoe tree die dissipels in die verhaal op toe hulle besef die mense is honger?
- Wanneer tree ons ook soos die skare en die dissipels in die verhaal op?
- Wat beteken dit vir julle dat Jesus sê: "Ek is die brood van die lewe"? Hoe is dit

anders as fisiese kos?

- Hoe lyk iemand se lewe wat deel het aan Jesus wat die brood van die lewe is?

## WEES

Maak saam braaibroodjies en braai dit.

*Alternatief:* Maak saam toebroodjies. Julle kan selfs net een (of twee) groot toebroodjies maak met ’n baguette (Franse brood) en dit in stukke sny.

Vier saam fees.

## WEGSTUUR

Maak seker dat daar ekstra broodjies oorbly (om by die teksgedeelte te pas, kan julle twaalf broodjies oorweeg). Deel dit met ander – dink aan minderbevoorregtes of mense wat julle graag na die groep wil nooi.

---